

## Let's read, Dad!


Parents who read to their children every day and talk about what they are reading together, promote a joy of reading and help their children on their path to literacy. And fathers have as much of a role to play in supporting their children's reading and writing development as mothers do!

Research over the last twenty years tells us that fathers strengthen their children's development when they are actively involved and interested in the lives of their children. There is no single "right" way for fathers to do this. Nor do fathers have to live with their children to make a positive difference. And you can be a father-figure for a child even if you are not the child's biological father.

Four out of five men will be fathers in their lifetime. There are many different ways that dads can connect with their children – playing together, talking together, doing activities together, going to school events, helping with homework. But books and reading provide a special and easy way to connect with your children, and there are other benefits too! "The amount of time fathers (or father-figures) spend reading with their children, is one of the best ways of predicting how well their children will read and write," says Front Page Father, an organisation that works to create awareness of the value of fathers being actively involved in their children's lives.

Dads who read to their children are reading role models for them. They show their children that literacy is important and that reading is an enjoyable, satisfying activity. Here are five easy ways to use reading and writing to connect with your children.

1. Read to your child regularly – no matter how old they are! Reading stories together opens your children's eyes, minds and hearts to different people and situations. It expands your children's horizons, develops their literacy and helps you to build a strong and loving relationship.
2. Write a note encouraging your child and put it in their lunchbox or in a textbook of their most difficult school subject. Children appreciate this, especially during exam or test times.
3. With older children, use social media like Facebook and Whatsapp to stay in touch with them.
4. Tell your children stories about when you were their age. Or, tell them the stories that you enjoyed as a child.
5. Take an interest in what your children are reading and like to read. Spend time talking to them about books and stories. When you show an interest in what they are reading, it lets them know that you think reading is important.



Drive your imagination

## Kom ons lees, Pappa!

Quers wat elke dag vir hulle kinders lees en met hulle gesels oor wat hulle lees, bevorder die vreugde van lees, en help hulle kinders op die pad na geletterdheid. En pa's het net so 'n belangrike rol as ma's om hulle kinders se lees- en skryf ontwikkeling te ondersteun.

Navoring oor die afgelopen twintig jaar sê vir ons dat pa's hulle kinders se ontwikkeling versterk wanneer hulle aktief betrokke is by en belangstel in hulle kinders se lewens. Daar is geen enkele "regte" manier vir pa's om dit te doen nie. Pa's hoef ook nie saam met hulle kinders te woon om 'n positiewe verskil te maak nie. En jy kan 'n pa-figuur vir 'n kind wees, selfs al is jy nie die kind se biologiese pa nie.

Vier uit vyf mans sal in hulle leeftyd pa's wees. Daar is baie verskillende maniere waarop pa's 'n band met hulle kinders kan bou – deur saam te speel, met hulle te gesels, aktiwiteite saam te doen, na skoolbyeenkomste te gaan, met huiswerk te help. Maar boeke en lees bied 'n spesiale en maklike manier om 'n band met jou kinders te bou, en dit hou ook ander voordele in! "Die hoeveelheid tyd wat pa's (of pa-figurel) daarvan wy om saam met hulle kinders te lees, is een van die beste maniere om te voorspel hoe goed hulle kinders sal lees en skryf," sê Front Page Father, 'n organisasie wat werk om bewustheid te kweek van hoe waardevol dit is as pa's aktief betrokke is by hulle kinders se lewens.

Pa's wat vir hulle kinders lees, is rolmodelle vir hulle. Hulle wys vir hul kinders dat geletterdheid belangrik is, en dat lees 'n genotvolle, bevredigende aktiwiteit is. Hier volg vyf maklike maniere om lees en skryf te gebruik om 'n band met jou kinders te bou.

1. Lees gereeld vir jou kinders – ongeag hoe oud hulle is! Om stories saam te lees maak hulle oë en harte oop vir verskillende mense en situasies. Dit verbind jou kinders se horisone, ontwikkel hulle geletterdheid en help julle om 'n sterk en liefdevolle verhouding te vorm.
2. Skryf 'n bemoedigende briefie vir jou kinders en sit dit in hulle kosblik of in die handboek van hulle moeilikste skoolvak. Kinders waardeer dit, veral tydens eksamsens of toetse.
3. Met ouer kinders, kan jy sosiale media soos Facebook en Whatsapp gebruik om in kontak met hulle te bly.
4. Vertel vir jou kinders stories oor toe jy hulle ouerdom was. Of vertel vir hulle die stories wat jy as kind geniet het.
5. Stel belang in wat jou kinders graag lees. Spandeer tyd deur met hulle oor boeke en stories te gesels. Wanneer jy belangstel in dit wat hulle lees, sê jy vir hulle dat jy dink lees is belangrik.

We will be taking a break until the week of 31 July 2016. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die week van 31 Julie 2016. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier!

Story Power.

Bring it home.  
Bring dit huis toe.



It starts with a story...

# Nal'ibali news

Each year on World Read Aloud Day, Nal'ibali reminds South Africans about the benefits of reading aloud to children.


In 2014, we read aloud to 50 000 children. In 2015, we reached 166 360 children. And this year, thanks to parents and other caregivers, teachers, librarians, our partner organisations, and other people passionate about literacy, we read to 365 849 children – that's more than double last year's number and a new record for Nal'ibali and South Africa!

In preparation for World Read Aloud Day on 24 February 2016, we produced a special story, *Neo and the big, wide world* that was illustrated by Rico and featured the well-loved Nal'ibali character, Neo. The story was available in all 11 official languages, as well as in Braille and South African Sign Language through our partnership with Blind SA and Sign Language Education and Development. You can still find the story (including the sign language version) on our website: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).

On 24 February 2016, there was a lot going on!

- ★ Famous singer, Yvonne Chaka Chaka, and Orlando Pirates Football Club joined forces with us to spread the power of stories across South Africa. Yvonne, together with players from the Orlando Pirates Football Club, read our special World Read Aloud Day story to children in isiZulu at the Orlando Stadium.
- ★ The Gauteng and KwaZulu-Natal Departments of Basic Education, Rotary District 9350, loveLife Nongoma, Family Literacy Project and Zisize Ingwavuma Educational Trust, rose to the challenge and launched Nal'ibali reading clubs at schools in their provinces.
- ★ Over 160 supporting partners in six provinces held read-aloud events.
- ★ Bargain Books distributed special World Read Aloud Day story cards to customers at a number of their stores.
- ★ A multitude of radio partners across the country broadcast readings of the story.

World Read Aloud Day is a success because ordinary people step up to make a difference in their homes and communities. Every read-aloud session, whether it is with one child or a thousand children, helps to kick-start a culture of reading in South Africa. So, thank you for helping us to set a new World Read Aloud Day record, and remember to keep reading to children every single day of the year!



## NAL'IBALI ON RADIO!

Tune in to your favourite SABC radio station and enjoy listening to children's stories! To find out the days and times that Nal'ibali is on the radio, go to [www.nalibali.org/audio-downloads/](http://www.nalibali.org/audio-downloads/).



# Nal'ibali-nuus

Elke jaar op Wêrelddag vir Hardop Lees herinner Nal'ibali Suid-Afrikaners aan die voordele van hardop lees vir kinders.

In 2014 het ons vir 50 000 kinders hardop gelees. In 2015 het ons 166 360 kinders bereik. En hierdie jaar, danksy ouers en ander versorgers, onderwysers, bibliotekarisse, ons vennote, en ander mense wat passievol is oor geletterdheid, het ons vir 365 849 kinders gelees – dit is meer as dubbeld verlede jaar se getal, en 'n nuwe rekord vir Nal'ibali en Suid-Afrika!

Om voor te berei vir Wêrelddag vir Hardop Lees op 24 Februarie 2016 het ons 'n spesiale storie, *Neo en die grote, wye wêreld*, laat skryf. Dit is deur Rico geïllustreer, en het oor die geliefde Nal'ibali-karakter, Neo, gegaan. Die storie is in al 11 amptelike tale en ook in Braille en Suid-Afrikaanse gebaretaal beskikbaar deur ons vennootskap met Blind SA en Sign Language Education and Development. Jy kan die storie (en die weergawe in gebaretaal) steeds op ons webwerf vind: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).

24 Februarie 2016 was 'n bedrywige dag!

- ★ Bekende sanger, Yvonne Chaka Chaka, en Orlando Pirates-sokkerklub het hande gevat met ons om die krag van stories oor die hele Suid-Afrika te versprei. Yvonne, saam met spelers van die Orlando Pirates-sokkerklub, het ons spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees in isiZulu vir kinders by die Orlando-stadion voorgelees.
- ★ Die Departement van Basiese Onderwys van Gauteng en KwaZulu-Natal, Rotariërdistrik 9350, loveLife Nongoma, Family Literacy Project en Zisize Ingwavuma Educational Trust het die uitdaging aanvaar en Nal'ibali-leesclubs by skole in hulle provinsies geloods.
- ★ Meer as 160 ondersteunende vennote in ses provinsies het byeenkomste vir hardop lees gehou.
- ★ Bargain Books het by van hulle winkels spesiale storiekaarte vir Wêrelddag vir Hardop Lees aan klante uitgedeel.
- ★ Talle radiovennote van oor die hele land het voorlesings van die storie uitgesaai.

Wêrelddag vir Hardop Lees is 'n sukses omdat gewone mense na vore tree om 'n verskil in hul huise en gemeenskappe te maak. Elke sessie waar daar hardop gelees word, of dit nou vir een kind of 'n duisend kinders is, help om 'n leeskultuur in Suid-Afrika te begin. Daarom sê ons dankie dat julle ons gehelp het om 'n nuwe rekord vir Wêrelddag vir Hardop Lees op te stel, en onthou om elke enkele dag van die jaar aan te hou om vir kinders te lees!

There were 457 children at our school who participated in World Read Aloud Day and proudly wore their badges the whole day! It was such a wonderful day!  
Madelyn Burger, Toevlug Primary School, Ventersdorp, North West Province

Daar was 457 kinders by ons skool wat deelgeneem het aan Wêrelddag vir Hardop Lees en die hele dag lank hulle kentekens met trots gedra het! Dit was so 'n wonderlike dag!  
Madelyn Burger, Toevlug Primary School, Ventersdorp, Noordwes

## NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel in op jou gunstelingradiostasie op SABC en geniet dit om na kinderstories te luister. Om uit te vind op watter dae en tye Nal'ibali op die radio is, gaan na [www.nalibali.org/audio-downloads/](http://www.nalibali.org/audio-downloads/).



Drive your imagination

Once upon a time.  
These are the four words  
that have forever changed the way  
I see the world. They were the doorway  
to an unseen and unknown world for me,  
taking me on a different adventure every time I  
lifted up a book; an experience that did not cost me  
a thing. Indeed, I could travel the world at the  
flip of a page.

Yvonne Chaka Chaka

*Eendag, lank, lank gelede. Hierdie vier woorde het die  
manier waarop ek na die wêreld kyk vir altyd verander.  
Hulle was vir my die deur na 'n wêreld wat vir my  
onsigbaar en onbekend was, en het my, elke keer as ek  
'n boek opgetel het, op 'n ander avontuur geneem;  
'n ervaring wat my niks gekos het nie. Trouens, ek  
kon deur die wêreld reis deur blyt 'n bladsy  
om te blaai.*

Yvonne Chaka Chaka

Princess of Africa, Yvonne Chaka Chaka, read to children in Soweto.  
Prinses van Afrika, Yvonne Chaka Chaka, lees vir kinders in Soweto.

I read *Neo and the big, wide world* to 200  
children - from three-year-olds  
to eleven-year-olds! What a special  
day. I loved the bigger children asking me  
to stay and read more!

Jillian Nel, Udobô School, Durban,  
KwaZulu-Natal

Ek het *Neo en die grote, wye wêreld* vir  
200 kinders gelees - van driejariges tot  
elfjariges! Wat 'n spesiale dag. Ek het baie  
daarvan gehou toe die groter kinders my  
gevra het om te bly en nog te lees!

Jillian Nel, Udobô School, Durban,  
KwaZulu-Natal

Our #WRAD16  
event was our favourite  
moment of the year. It inspires  
me so much to see children reading,  
and to know that I have been able to be  
a part of this process!

Melusi Sibiya, dedicated literacy activist who  
has started 17 reading clubs in KwaZulu-Natal

Ons #WRAD16-byeenkoms was ons  
gunstelingoomblik van die jaar. Dit inspireer my  
so baie om kinders te sien lees, en te weet dat  
ek deel kon wees van hierdie proses!

Melusi Sibiya, toegewyde  
geletterdheidsaktivis wat 17 leesklubs  
in KwaZulu-Natal begin het

What a day!  
Today's read-aloud sessions  
took learners on a magical journey  
to different places and they met  
different characters along the way ... the  
kids absolutely loved it!

Cindy Meyer, Star College Bridgetown,  
Cape Town, Western Cape

Wat 'n dag! Vandag se sessies waar ons hardop  
gelees het, het leerders op 'n betoverende  
reis na verskillende plekke geneem, en hulle  
het verskillende karakters langs die pad  
ontmoet ... die kinders was heeltemal  
gek daaroor!

Cindy Meyer, Star College Bridgetown,  
Kaapstad, Wes-Kaap

In Pietermaritzburg, we celebrated World Read Aloud Day with the  
Department of Basic Education, and children from five schools. We  
were also joined by one of our Nal'ibali mascots!

In Pietermaritzburg het ons Wêrelddag vir Hardop Lees saam met die  
Departement van Basiese Onderwys en kinders van vyf skole gevier.  
Een van ons Nal'ibali-karakters het dit ook saam met ons gevier!

3

Drive your  
imagination



## Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep books, *The first day of forever*, (pages 5, 6, 11 and 12) and *Shongololo's shoes* (pages 7, 8, 9 and 10), as well as the Story Corner story, *Stone soup* (pages 14 and 15). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.

### The first day of forever

"The first day of forever" is the story of a day's events, told through the eyes of a child from the fishing village of Arniston in the Western Cape. In it, we learn what it feels like to be the child of a fisherman.



- ★ With your children, discuss how the narrator (person telling the story) feels about his father being a fisherman. You might also want to ask your children if they have ever felt worried about your safety.
- ★ Encourage your children to draw a picture to illustrate this sentence from the story: "When we look for the boats, when they are just little specks, far out at sea, our eyes stretch and stretch, like they are on elastic." Or, let them have fun illustrating another part of the story.
- ★ Invite your children to write their own stories about an ordinary day in their lives.

### Shongololo's shoes

Shongololo has lost his shoes. He asks the other animals if they can tell him where his shoes might be, but they are not being very helpful!



- ★ As you read the book together, talk about the different ways in which the animals are using Shongololo's shoes. Which of these ways do your children think is the cleverest? Which is the funniest?
- ★ Find all the animals from the story in the picture on pages 14 and 15 of the book. Together decide whether you think Shongololo feels happier now. Did he find all his shoes?
- ★ Let your children create their own imaginative shongololos! Cut a row from a recycled egg tray and then paint the sections different colours to make the shongololo's body and head. Cut some wool into pieces of about 5 cm long to make lots of legs. Use sticky tape to stick the legs on the inside of each section of the painted egg tray. Draw a face for the shongololo.



### Stone soup

This is a traditional story about a poor man who is hungry and only has a pot, some water and a stone with which to make soup – but he still manages to make a tasty soup that everyone can enjoy!

- ★ This story offers lots of opportunity for discussion. Try discussing some of these questions with your children.
  - Why do you think the villagers did not want to share their food with the man at the beginning of the story?
  - How would the story have been different if they had shared their food with him?
  - What do you think of what the man did when he made the stone soup? Would you have done the same?
  - What lesson/s do you think the villagers might have learnt from what happened in the story?
- ★ Use your favourite recipe to make some vegetable soup together and then enjoy sharing it afterwards.

## Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Die eerste dag van vir altyd*, (bladsye 5, 6, 11 en 12) en *Shongololo se skoene* (bladsye 7, 8, 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Klipsop* (bladsye 14 en 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

### Die eerste dag van vir altyd

"Die eerste dag van vir altyd" is die storie van een dag se gebeure, vertel deur die oë van 'n kind van die vissersdorpie Arniston, in die Wes-Kaap. In die storie leer ons hoe dit voel om die kind van 'n visserman te wees.

Bespreek met jou kinders hoe die verteller (die persoon wat die storie vertel) daaroor voel dat sy pa 'n visserman is. Jy sal ook dalk vir die kinders wil vra of hulle al ooit bekommend was oor jou veiligheid.

Moedig jou kinders aan om 'n prent te teken om hierdie sin in die storie te illustreer: "Wanneer ons die bote soek, wanneer hulle net klein spikkeltjies op die see is, rek en rek ons oë, asof hulle op stelte is." Of, laat hulle dit geniet om 'n ander deel van die storie te illustreer.

Nooi jou kinders om hulle eie storie oor 'n gewone dag in hulle lewens te skryf.

### Shongololo se skoene

Shongololo het sy skoene verloor. Hy vra die ander diere of hulle vir hom kan sê waar sy skoene kan wees, maar hulle is nie juis hulpvaardig nie!

Terwyl julle die boek saam lees, gesels oor die verskillende maniere waarop die diere Shongololo se skoene gebruik. Watter van hierdie maniere dink jou kinders is die slimste? Watter is die snaaksste?

Vind al die diere in die storie in die prent op bladsye 14 en 15 van die boek. Besluit saam of julle dink Shongololo nou gelukkiger voel. Het hy al sy skoene gekry?

Laat jou kinders hulle eie verbeeldingryke shongololo's maak! Knip 'n ry uit 'n herwinde eierboks en verf dan die dele in verskillende kleure om die shongololo se lyf en kop te maak. Knip wol in stukkies van sowat 5 cm om baie pote te maak. Gebruik kleeflint om die pote aan die binnekant van elke segment van die geverfde eierboks vas te plak. Teken vir die shongololo 'n gesig.

### Klipsop

Hierdie is 'n tradisionele storie oor 'n arm man wat honger is, en net 'n pot, 'n bietjie water en 'n klip het om sop mee te kook – maar hy kry dit steeds reg om smaaklike sop te maak wat almal kan geniet!

Hierdie storie bied baie geleentheid vir bespreking. Probeer van hierdie vroeë met jou kinders bespreek.

- Waarom dink julle wou die dorpenaars aan die begin van die storie nie hulle kos met die man deel nie?
  - Hoe sou die storie anders verloop het as hulle hul kos met hom gedeel het?
  - Wat dink julle van wat die man gedoen het toe hy die klipsop gemaak het? Sou julle dieselfde gedoen het?
  - Watter les/se dink julle kon die dorpenaars geleer het na aanleiding van dit wat in die storie gebeur het?
- Gebruik jou gunstelingresep om saam groentesop te maak en dit na die tyd saam te geniet.

### Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
  - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
  - b) Fold it in half again along the green dotted line.
  - c) Cut along the red dotted lines.



### Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
  - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
  - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
  - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

Dit raak warmer en warmer.  
Want eer kom die Emma dan  
huis toe!

Ons wag en wag. Die son is warm, maar Ma sé dit is nie so warm op ons koppe soos op die koppe van die vissermannie daar op die boot nie. Mens begin van die dorpie af aan kom.

We waited and we waited. The sun was hot, but Ma said it was not as hot on our heads as it was on the heads of the fishermen, out there in the boat. People started to come down from the village. It got hotter. When would the Emma come home?



"The first day of forever" comes from a collection of stories written by the children of South Africa, called *Every view counts: My story – Our stories*.


This collection was originally published by the  
Parliamentary Millennium Programme and  
Sunday Times ReadRight.

Story compiled by Lesley Beake. Art direction  
by Hybrid.

"Die eerste dag van vir altyd" kom uit 'n versameling stories wat deur die kinders van Suid-Afrika geskryf is, met die titel *Every view counts: My story – Our stories*. Hierdie versameling is oorspronklik deur die Parlementêre Millenniumprogram en Sunday Times ReadRight gepubliseer.

## Storie saamgestel deur Lesley Beake. Kunsregie deur Hybrid.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

# The first day of forever

## Die eerste dag van vir altyd

# A story by the children of Arniston 'n Storie deur die kinders van Arniston



Ma glimlag net.  
end huis toe kom,” sé hy.  
“Mevrou Skilpad weet har man sal op die ou  
mar Pa lag  
om har oor te bekommer as mevrou Skilpad,  
Ma sé altyd mevrou Haas het minder geheaf  
skilpad, wat ons al ’n honderd keer gehoor het.  
Dan vertel hy ons die storie van die haas en die  
Ma just smiles.  
“Mrs Tortoise always knows her man will  
come home in the end,” he says.  
“Mrs Tortoise always laughs.  
not have had as much worry as Mrs Tortoise,  
already. Ma always says that Mrs Hare would  
tortoise, which we have heard a hundred times  
Then he tells us the story of the hare and the



cannot rest until we see it.  
We look and look for our Pa’s boat and we  
stretch and stretch, like they are on elastic.  
are just little specks, far out at sea, our eyes  
When we look for the boats, when they  
eat our favourite fish.  
the first of the yellowtail. Tonight we would  
village. This was a special day because it was  
More people were coming down from the  
beyond the bay.  
And then we saw the first boat, far out

Our fathers are the fishermen. My father is called Pieter and he works on the Emma, going out to sea on black days when the wind blows and green days when the sea throws the boat around.

Ons pa’s is die vissermanne. My pa se naam is Pieter, en hy werk op die Emma, wat op swart dae see toe gaan wanneer die wind waai, en op groen dae, wanneer die see die boot rondgooi.

Never will I forget that feeling. Some of the children had a tractor tube. We all carried it down to the beach. I stood in the small waves and shivered a bit, but the others shouted at me and laughed. I walked in, and the water came higher until I was diving through the waves and shouting with the others.

The happiness in my heart grew and grew – like the tractor tyre when we pump it up.

The yellowtail were in. Pa was home safely.


It was the first day of forever.


Ek sal daardie gevoel nooit vergeet nie. Party van die kinders het ’n trekkerbinneband. Ons dra dit almal af na die strand toe. Ek staan in die klein branders en bewe so ’n bietjie, maar die ander skree vir my en lag. Ek stap in, en die water raak dieper totdat ek deur die branders duik en saam met die ander skree.

Die blydskap in my hart groei en groei – soos die trekkerband wanneer ons dit oppomp.

Die geelstert is in. Pa is veilig tuis.

Dit is die eerste dag van vir altyd.





Sal ek ooit weer al my skoene kry?

Will I ever find my shoes?



nie ek nie.  
gesien? Nee,  
jou skoene

No, not me.  
Seen your shoes?

We believe every child  
should own a hundred books  
by the age of five.

Become a book-sponsor and  
help change the world.

## Shongololo's shoes Shongololo se skoene

Megan Lötter  
Jacqui L'Ange  
Marteli Kleyn



Get involved at  
[bookdash.org](http://bookdash.org)



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Drive your  
imagination



Ons is besig. Gaan vra vir Uil.  
We're busy. Go ask Owl. She  
knows everything!



Hallo, hallo!  
Hello, hello!



Geen skoene hier nie. Gaan vra  
vir Kammeelperd.



No shoes here. Go ask Giraffe.




Ek het nie jou skoene gesien nie. Gaan vra  
vir Slak.

Hmm. Ek het 'n idee. Waarom  
vra jy nie vir Leeu nie?




Hmm. I have an idea. Why  
don't you ask Lion?



These are yours? I'll give them all  
back if you come to my party!

Is dit joune dié? Ek sal almal  
teruggee as jy na my partytjie  
toe kom!



11

En toe sien ons die eerste boot, veranderkant  
die baai.  
Meer mense kom van die dorpie af aan. Dit is  
n spesiale dag, want dis die eerste dag van die  
geelster. Vanand eet ons ons gunstelingvis.  
Want eer ons die boot soek, wanter hulle net  
klein spikkelflies op die see is, reek en reek ons oë,  
asof hulle op stelle is. Ons soek en soek na Pa  
se boot en ons kan nie rus tot ons dit sien nie.


Ek en Ma en Billy het vroeg afgegaan na die  
plek waar die boot inkom. Die Emma is soms  
die laaste boot wat inkom, maar Pa se altyd:

"Agteros kom ook in die krael."

Vandag is 'n blou dag, wanteer die see glimlaag  
en ons almal glimlaag saam.

"Slow and steady wins the race in the end." "Slow and steady wins the race in the end,"  
sometimes the last boat in, but Pa always says,  
place where the boats come in. The Emma is  
Ma and Billy and I went down early to the

we all smile too.  
Today is a blue day, when the sea smiles and



14

11




9

3



Sometimes we fear for him,  
Ma and Billy and I. All of us  
– even Billy, who is small –  
count the heads on the boat  
to make sure they are all  
there. And then we look for  
Pa's red woolly hat that he  
always wears. And then our  
hearts are happy again when  
we see it.

Soms is ons bang hy kom iets  
oor, ek en Ma en Billy. Almaal  
van ons – selfs Billy, wat klein  
is – tel die koppe op die boot  
om seker te maak hulle is almal  
daar. En dan soek ons na Pa se  
rooi wolmuis wat hy altyd dra.  
En dan is ons harte weer bly  
wanneer ons dit sien.




"Okay, boys," Ma said to Billy and me.  
"You can go and swim now."

I'm older, so I just went to stand with  
that our Pa's boat was coming home.  
Emma began to dance up and down, shouting  
before the other boats. Billy  
This time we saw the colours of the

Hierdie keer sien ons die Emma se kleure  
lank voor ons die ander bote sien. Billy begin  
ronddans en skree dat Pa se boot huis toe  
kom. Ek is ouer, so ek gaan staan net so  
'n bietjie by Ma.

"Reg, seuns," sê Ma vir my en Billy. "Julle kan  
nou gaan swem."



# Celebrating Father's Day!

To celebrate Father's Day and the role that all men can play in inspiring children and supporting their literacy development, here are the reflections of some proudly South African men!



Righardt le Roux from the Nal'ibali team, shared an inspiring father-son moment with us:

"During South African Library Week this year, Nal'ibali and Emfuleni Library and Information Services ran an outreach programme in the Vaal Mall. From our stall near a bookshop, we had the privilege of witnessing a special moment between a father and his son. This man was helping his son of about 6 years old choose a book. What grabbed my attention was the amount of time this man spent with his son going up and down the different aisles, taking books off the shelves, looking at pictures together and talking about the books. Two hours later they were still at it! I couldn't help thinking about the personal and social development playing out in front of me. For me, this father captured everything that we are working hard to achieve: parents empowering, inspiring and connecting with their children through the magic of books."

**Righardt le Roux van die Nal'ibali-span het 'n inspirerende pa-seun-oomblik met ons gedeel:**

"Hierdie jaar, tydens Suid-Afrikaanse Biblioteekweek, het Nal'ibali en Emfuleni Biblioteek- en Inligtingsdienste 'n uitreikprogram by die Vaalwinkelcentrum gehou. Vanuit ons stalletjie naby 'n boekwinkel het ons die voorreg gehad om 'n spesiale oomblik tussen 'n pa en sy seun te aanskou. Hierdie man was besig om sy sesjarige seun te help om 'n boek te kies. Wat my opgeval het, was hoeveel tyd die man saam met sy seun deurgebring het deur op en af in die rye te stap, boeke van die rakke af te haal, saam na prente te kyk en oor die boeke te gesels. Twee uur later was hulle nog steeds besig! Ek kon nie anders as om te dink oor die persoonlike en sosiale ontwikkeling wat voor my afspeel nie. Vir my het hierdie pa alles vasgevang wat ons so hard probeer om te bereik: ouers wat 'n band met hulle kinders smee, wat hulle bemagtig en inspireer deur middel van die towerkrag van boeke."

Entertainer ProVerb explains how he sees his role as a father:

"It is very important that fathers read to their children and engage with them to stimulate their young minds. This is not only to bond with them, but also to awaken in them an appetite for reading and a hunger for knowledge. Books fuel the imagination and stories ignite creativity, so as a father it's my duty and responsibility to empower my children by reading to them."

**Vermaaklikheidskunstenaar ProVerb verduidelik hoe hy sy rol as pa sien:**

"Dit is baie belangrik dat pa's vir hulle kinders lees en betrokke is by hulle om hul ontwikkelende verstand te stimuleer. Dit is nie net om 'n band met hulle te bou nie, maar ook om 'n lus vir lees en 'n honger na kennis by hulle aan te wakker. Boeke stimuleer die verbeelding en stories skakel kreatiwiteit aan. As 'n pa is dit dus my plig en verantwoordelikheid om my kinders te bemagtig deur vir hulle te lees."

# Vier Vadersdag!

Om Vadersdag te vier, en ook die rol wat alle mans kan speel om kinders te inspireer en hulle geletterdheidontwikkeling te steun, deel ons die gedagtes van 'n paar trots Suid-Afrikaanse mans!



Thabo Rakhale from Orlando Pirates told us what he thinks about reading:

"You don't need to come from a rich neighbourhood or go to the best schools in order to read. That's the beauty of it. Reading is everywhere around you, and it gives you the ability to compete with other people mentally. The smartest and most informed people are the ones who read regularly because they have a different interpretation of life and the world around them."

**Thabo Rakhale van Orlando Pirates het sy idees oor lees met ons gedeel:**

"Jy hoef nie uit 'n ryk woonbuurt te kom of na die beste skool te gaan om te kan lees nie. Dit is die skoonheid daarvan. Lees is oral om jou, en dit gee jou die vermoë om op intellektuelevlak met ander mense mee te ding. Die slimste en mees ingeligte mense is dié mense wat gereeld lees, want hulle het 'n ander interpretasie van die lewe en die wêreld om hulle."



Lucky Lekgwathi from Orlando Pirates shares with us how he views reading:

"Reading is important because it opens your world and unlocks creativity in your mind. I see it with my kids, and they love reading. When you speak to them you can hear their vocabulary is strong and it's impressive for someone so young. They get it because they read a lot."


**Lucky Lekgwathi van Orlando Pirates deel sy idees oor lees met ons:**

"Lees is belangrik, want dit maak jou wêreld oop en ontsluit jou kreatiwiteit. Ek sien dit in my kinders, en hulle hou baie van lees. Wanneer jy met hulle praat, kan jy hoor hulle het 'n goeie woordeskat, en dit is indrukwekkend vir sulke jong kinders. Hulle het dit verwerf omdat hulle baie lees."



# Stone soup

Retold by Helen Brain  Illustrations by Alzette Prins



Once upon a time a man was walking home after he had been travelling in different parts of Africa for many years. He was thin and hungry, and his money was gone. "I'm so tired," he said to himself as he trudged along the road. "I wish I was home in a soft bed, with a tummy full of warm food."

At last he came to a village. "Ah, here are some houses," he said to himself. "Some kind person will give me a warm meal, I'm sure." He knocked on this door and that door, but the answer was always the same:

"Go away. We don't have any food to spare."

"I'm sorry, I've got nothing."

"Go and get a job. I'm not giving you anything."

The poor man was very sad. He sat by the side of the road and sank his head into his hands. "What am I going to do?" he thought. "If I don't get food soon I will starve to death." He watched the people walking by on the road. "They are all going home to warm meals," he thought. "I wish I was one of them."



Then he had a bright idea. He made a fire and set up his cooking pot over it. He filled the pot with water and soon the water was boiling away.

"I'm going to make ..." he said loudly, "... a big pot of stone soup!"

Two women came past on their way home from the market. "What are you making?" they asked.

"Stone soup," said the man.

"Stone soup?" said one of the women. "I've never heard of that before."

"What are you going to put in it?" asked the other woman.

"I will show you right now," said the man. He dug into his pocket and pulled out a smooth round stone. "I'll put this into the pot. It is the magic ingredient. It's such a pity that I don't have an onion and a couple of carrots. If I had those it would be the best soup ever!"

"Here you are," said the woman. "Quick, put these in your pot."

The man put the onion and the carrots into his pot and closed the lid. A few minutes later the man tasted the stone soup. "Yum, yum, yum!" he exclaimed. "What delicious soup! I have never tasted anything as wonderful anywhere. Not even in Malawi, where some of the best soups are made."

"Please give me a taste," one of the women begged.

Her friend pushed her aside. "Me first," she said.

So the man poured some stone soup into a cup and the women tasted it. Then they smacked their lips.

"That is marvellous," the women said. "You are the best cook ever." But they were curious. "What exactly did you put in the soup?" they asked.

"I can't tell you the recipe," the man said. "It's a secret."

Then the man saw a young boy carrying a basket of morogo. He waited until the boy was close to him. He took his spoon and tasted the soup again.

"What delicious soup," he said loudly so that the boy would hear him. "I have never tasted anything as wonderful anywhere. Not even in Malawi, where some of the best soups are made. All I need to make it perfect, is a bunch of morogo."

The young boy stopped. "I'll give you the morogo you need," he said. "Then will you let me taste your soup?" he asked.

"Yes, I will," said the man. He dropped the morogo into the pot and stirred. Then he put a little bit of soup into a cup and handed it to the boy. "You'll taste the magic ingredient, of course," he said. "Isn't it wonderful?"

"Delicious," the young boy said. "I'm going to tell everyone to come and taste it."

Soon there was a queue of villagers waiting to taste the stone soup. But, before the man gave anyone a taste, he asked the villagers to give him a sweet potato, a meaty bone and a pinch of salt and pepper. He added all these to the soup. The mixture bubbled away, getting thicker and tastier by the minute.

More people joined the queue. Everyone wanted to add something to the soup. And the more things the people added, the better the soup tasted, and the longer it lasted.



By nightfall everyone had eaten their fill and the pot was empty. Everyone was smiling and happy. "This man is a master chef," they said. "He must have learnt to cook at a king's palace in Malawi."

"That is the best soup I've ever tasted," the mayor told the man. "Come and sleep at my house tonight, in a soft bed with a warm blanket. In the morning you can teach my cook how to make your soup."

The man smiled as he washed out his empty pot. It really had been the best soup ever, and it had not cost him a cent. Then the man put the stone into his pocket, picked up his pot and off he went to the mayor's house for a good night's sleep.



Oorvertel deur Helen Brain  Illustrasies deur Alzette Prins

Lank, lank gelede het 'n man huis toe gestap nadat hy baie jare lank in verskillende dele van Afrika gereis het. Hy was maer en honger, en sy geld was op. "Ek is so moeg," sê hy vir homself terwyl hy in die pad afstrompel. "Ek wens ek was tuis in 'n sagte bed, met my maag vol warm kos."

Uiteindelik kom hy by 'n dorpie aan. "Aa, hier is 'n paar huise," sê hy vir homself. "Ek is seker hier is 'n goedhartige mens wat vir my iets warm te ete sal gee." Hy klop hier aan 'n deur en daar aan 'n deur, maar die antwoord is altyd dieselfde:

"Gaan weg. Ons het nie ekstra kos vir jou nie."

"Ek is jammer, ek het niks nie."

"Gaan soek werk. Ek gaan jou niks gee nie."

Die arme man is baie hartseer. Hy gaan sit langs die pad en laat sak sy kop in sy hande. "Wat moet ek doen?" dink hy. "As ek nie binnekort kos kry, sal ek doodgaan van die honger." Hy kyk na die mense wat in die pad by hom verbystap. "Hulle gaan almal huis toe na warm kos toe," dink hy. "Ek wens ek was een van hulle."



Toekry hy 'n blink plan. Hy maak 'n vuur en sit sy kookpot op die vuur. Hy maak die pot vol water en sommer gou kook die water.

"Ek gaan ..." sê hy hard, "... 'n groot pot klipsop maak!"

Twee vroue stap van die mark af by hom verby op pad huis toe. "Wat kook jy?" vra hulle.

"Klipsop," sê die man.

"Klipsop?" sê een van die vroue. "Ek het nog nooit daarvan gehoor nie."

"Wat gaan jy daarin sit?" vra die ander vrou.

"Ek sal julle nou wys," sê die man. Hy grawe in sy sak en haal 'n gladde, ronde klip uit. "Ek sal dit in die pot sit. Dit is die towerbestanddeel. Dis so jammer ek het nie 'n ui en 'n paar wortels nie. As ek dit gehad het, sou dit die lekkerste sop ooit wees."

"Hierso," sê die vroue. "Sit dit gou in jou pot."

Die man sit die ui en wortels in sy pot en sit die deksel op. 'n Paar minute later proe die man aan die klipsop. "Njam, njam, njam!" roep hy uit. "Hierdie sop is heerlik! Ek het nog nooit en nêrens enigets so lekker geproe nie. Selfs nie in Malawi nie, waar van die beste sop gemaak word."

"Laat my asseblief proe," smeek een van die vroue.

Haar vriendin stoot haar eenkant toe. "Ek eerste," sê sy.

Die man skink toe 'n bietjie klipsop in 'n koppie en die vroue proe daaraan. Toe lek hulle hul lippe af.

"Dis heerlik," sê die vroue. "Jy is die beste kok ooit." Maar hulle is nuuskierig. "Wat presies het jy in die sop gesit?" vra hulle.

"Ek kan nie vir julle die resep gee nie," sê die man. "Dis 'n geheim."

Toe sien die man 'n jong seun met 'n mandjie marog. Hy wag tot die seun nabym is. Hy tel sy lepel op en proe weer aan die sop.

"Hierdie sop is heerlik," sê hy hard sodat die seun hom kan hoor. Ek het nog nooit en nêrens enigets so lekker geproe nie. Selfs nie in Malawi nie, waar van die beste sop gemaak word. Al wat ek nodig het om dit perfek te maak, is 'n bossie marog."

Die jong seun gaan staan. "Ek sal jou die marog gee wat jy nodig het," sê hy. "Maar sal jy my dan van jou sop laat proe?" vra hy.

"Ja, ek sal," sê die jong seun. Hy gooi die marog in die pot en roer. Toe skink hy 'n bietjie van die sop in 'n koppie en gee dit vir die seun. "Jy sal natuurlik die towerbestanddeel proe," sê die man. "Is dit nie heerlik nie?"

"Smaaklik," sê die jong seun. "Ek gaan vir almal sê om die sop te kom proe."

Gou is daar 'n tou mense van die dorp wat wag om die klipsop te proe. Maar voordat die man enigiemand laat proe, vra hy eers die dorpenaars om vir hom 'n patat, 'n vleisbeen en 'n knippie sout en peper te gee. Hy voeg dit alles by die sop. Die sop borrel lekker en word elke oomblik dikker en smaakliker.

Meer en meer mense kom staan in die tou. Almal wil iets by die sop voeg. En hoe meer bestanddele die mense byvoeg, hoe lekkerder proe die sop, en hoe langer hou dit.



Teen die aand het almal genoeg geëet en die pot is leeg. Almal glimlag en is gelukkig. "Hierdie man is 'n bobaaskok," sê hulle. "Hy moes by 'n koning se paleis in Malawi leer kook het."

"Dit is die beste sop wat ek nog ooit geproe het," sê die burgemeester vir die man. "Kom slaap vanaand in my huis, in 'n sagte bed met 'n warm kombers. Môreoggend kan jy my kok leer hoe om jou sop te maak."

Die man glimlag terwyl hy sy leë pot was. Dit was regtig die beste sop ooit, en dit het hom nie 'n sent gekos nie. Toe sit die man die klip terug in sy sak, tel sy pot op en gaan na die burgemeester se huis om 'n goeie nagrus te geniet.

## Nal'ibali fun

Have fun celebrating Father's Day in June by making a card for your dad or for someone who is like a father to you.

### Follow these instructions.

1. Cut out the card along the red dotted line.
2. Fold the card along the black dotted line.
3. Glue the two parts together.
4. On the side with the picture, write a message to the person you will give the card to. Colour in the picture.
5. On the other side, draw a picture of you and this person together, or write a poem or a longer message.



## Nal'ibali-pret

Geniet dit om Vadersdag in Junie te vier deur vir jou pa of iemand wat vir jou soos 'n pa is, 'n kaartjie te maak.

### Volg hierdie aanwysings.

1. Knip die kaartjie op die rooi stippellyn uit.
2. Vou die kaartjie op die swart stippellyn.
3. Plak die twee dele met gom aan mekaar vas.
4. Aan die kant met die prentjie, skryf 'n boodskap vir die persoon vir wie jy die kaartjie gaan gee. Kleur die prentjie in.
5. Teken aan die ander kant 'n prent van jou en hierdie persoon saam, of skryf 'n gedig of langer boodskap.



Don't forget that we will be taking a break until the **week of 31 July 2016**. Enjoy the winter holidays, and join us after the holiday for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Onthou dat ons 'n blaaskans neem tot die **week van 31 Julie 2016**. Geniet die wintervakansie en sluit na die vakansie weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplezier! Gaan intussen na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi) vir stories en lees-vir-genot-inspirasie.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sunday World



Drive your imagination